ATKV

ATKV-tak Windhoek

## VERLENGING VIR INSKRYWINGS VAN ATKV-PLUIMPIETOEKENNINGS

Goeie nuus vir skrywers wat nog hul skryfstukke vir die 2024 ATKV-Pluimpietoekennings wil instuur! Die datum is verleng tot die einde van Maart (Vrydag 29 Maart) 2024. Hier volg weer al die inligting in ’n neutedop.

Gedigte, prosa, dramas, musiek, publikasies in koerante of dagblaaie, gepubliseer of in manuskripvorm, word beoordeel op grond van onder andere taalgebruik, kreatiwiteit, genre-spesifieke kwaliteit, asook die bydrae wat die inskrywing tot Afrikaans in Namibië lewer.

Kinderletterkunde (enige genre) vorm ’n aparte kategorie.

Skryfstukke word met Donsies, Pluimpies of – die hoogste toekenning – Veertjies, bekroon.

Opwindende nuus vir skrywers is dat daar vanjaar, behalwe vir die Oswald Rall Theart-prys vir poësie, twee nuwe pryse ingestel is: Die Andree-Jeanne Tötemeyer NKBF-prys vir kinderletterkunde en die Herman van Wyk-prys vir prosa.

Vir verdere inligting, asook die inskrywingsvorm, kontak een van die volgende ATKV-takbestuurslede:

Ansa Ellis: 081 122 5552, ansa.deonnam@africaonline.com.na
Leoni van Rensburg: 081 127 1193
Chantelle van den Berg: 081 875 5241
ATKV-tak Windhoek se e-posadres: atkv.whk@iway.na